Inhoud

		Bladsy
Welkom en reëlings		**1**
I.	***DIE INHOUD EN BETEKENIS VAN DIE DOOP***	***2***
II.	***DIE CHRISTELIKE GELOOFSVORMING***	***10***
III.	***OUERSKAP EN OPVOEDING***	***13***
IV.	***BOU JOU HUWELIK***	***18***

Welkom!

Baie welkom by die dooptoerusting. Dit is 'n belangrike deel van die voorbereiding vir die doop van jou kind. Daar is baie dinge wat by die voorbereiding vir die doop van ‘n kind aandag moet kry. Die reëlings vir die familiebyeenkoms, die baba se doopuitrusting, die ma se klere vir die dag, die vraag wie die kindjie gaan inbring en vele meer. Dié reëlings is belangrik. Al hierdie dinge moet egter nie jou aandag só in beslag neem dat die ***werklike betekenis*** van die doop by jou verbygaan nie. Daarom is dit belangrik om vroegtydig en biddend na te dink oor die betekenis van die doop vir jou en jou kind.

Reëlings

Net eers so paar praktiese reëlings. Omdat julle hierdie handleiding gekry het beteken dit dat julle waarskynlik reeds by die kerkantoor geregistreer het. By die kerkantoor sal gekontroleer word dat julle lidmaatbewyse reeds by die gemeente is, of dat dit aangevra word. Volgens die kerkorde moet te minste een ouer se lidmaatbewys in die gemeente wees.

Daar is twee toerusting sessies wat julle moet bywoon. Al twee sessie moet bygewoon word. Dit datums daarvoor is op die jaarprogram, of dit kan by die kerkkantoor gekry word.

Ons wil graag ‘n mooi foto in elektroniese formaat van die kind hê wat ons op die skerm gaan vertoon wanneer julle kind gedoop word. Maak asb seker dat dit ten minste ‘n week voor die doop reeds by die kerkkantoor is.

In die week voor die doop moet julle ook asb die leraar wat die doop gaan hanteer kontak. Dit kan ‘n ander predikant wees as wat die gesprekke hanteer het. Die leraars wil nie “vreemdelinge” se kinders doop nie, hulle wil ook graag seker maak oor hoe die name en van uitgespreek word. Hulle wil dalk ook spesifieke reëlings tref oor die bediening van die doop. Meld julleself ook asseblief die doopsondag voor die diens by die leraar aan, hulle wil graag seker wees dat al die doopouers daar is.

****

I. DIE BEGIN, INHOUD EN BETEKENIS VAN DIE DOOP

Die geboorte van ‘n kind is nie maar net die einde van ‘n biologiese proses nie. Dit is die beginpunt van 'n nuwe lewe. Die eerste skril skree is die aankondiging van 'n Goddelike wonder! Selfs ‘n onbeplande kind word nie gebore buite die beskikking van God nie. God is by elke swangerskap, bepland of onbepland, betrokke. Hy is die Gewer van die lewe. ‘n Lewe is vir Hom kosbaar en mag daarom nie vermors word nie.

Die klein mensie in jou arms is ook in die beeld en as verteenwoordiger van God gebore. As ouer het jy die voorreg om hierdie kind(ers) te begelei tot volwassenheid in die wêreld, maar ook as gelowige. As ouer stel jy die voorbeeld waarop jou kind hulle toekoms gaan bou.

Die doop as baken in jou kind se geloofslewe

Waarom is dit vir jou/julle belangrik dat julle kindjie gedoop moet word?

.....

.....

.....

Waar begin die doop?

Antwoord eers die vraag: *Wat het jou kind gedoen om jou liefde te verdien?*

.....

Die waarskynlike antwoord is; “*niks nie.*” Het hulle nie juis ons “*vrede* en *rustigheid*” kom versteur nie? Skielik is jou tyd nie meer jou eie nie. Teen sekere tyd moet julle terug by die huis wees want baba moet gevoed en gebad word. Daar moet by die roetine gehou word. Deurslaap bestaan ook nie meer nie, want elke paar uur is baba honger en moet gevoed word. Ekstra plek moet gemaak word vir baba se klere en bottels en soveel meer.

En tog – **ONS HET ONS KINDERS ONEINDIG LIEF.** Ongeag wat hulle doen of gedoen het, het ons hulle onvoorwaardelik lief. Dit wys vir ons

ook op God die drie-enige, Vader, Seun en Heilige Gees, se liefde vir ons, sy kinders.

In Romeine 5:8 lees ons: "*Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was."*

Lees ook Romeine 8:31-39. Wat sê dit van God se liefde vir ons?

.....

.....

God het ons gemaak, Hy het ons al geken terwyl ons nog nie eens gebore is nie. (vergelyk Ps 139:13-16) Hy het ons oneindig en onvoorwaardelik lief.

Die doop is 'n unieke geleentheid waar God en mens mekaar op 'n besondere wyse ontmoet. God kom bevestig sy besondere liefdes-verhouding (verbond van genade) aan ons as mense. Elkeen wat gedoop is in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees dra die ***eiendomsmerk*** van God. Soos wat 'n man of 'n vrou die ring as teken dra dat hy/sy getroud is en aan iemand behoort, só sê die doop as teken en seël aan Wie ons behoort!

Net soos by 'n huwelik, is daar by die doop ook verskillende partye betrokke. Dit begin by God se aandeel. Van die mens se kant is die ouers, die kind, die gemeente en familie daarby betrokke. Vir elke party het die doop 'n besondere betekenis.

1. God neem die inisiatief

By die doop is God eerste aan die woord en werk. Die doop red ons nie. Net God red ons. Hy doen dit deur Jesus Christus ons Verlosser (Hand 2:12, Efes 2:8). By die doop sien ons deur die water hoe God Homself aan ons verbind. Elke keer word dit vir ons bevestig wanneer sy Naam saam met jou of jou kind se naam genoem word met die woorde*: "..... , ek doop jou in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees".* God reageer nie op ons goeie werke of voorbeeldige lewe of ons keuse vir Hom nie. Sy liefde en genade is die enigste dryfkrag van sy optrede. By die doop staan ons in verwondering oor God se almag, grootsheid, liefde en genade vir ons as mense.

As ‘n ***heilige*** en ***regverdige*** God, is Hy getrou aan homself en moet Hy die sonde van die mens straf. As ‘n ***liefdevolle*** en ***genadige*** God het Hy die sonde van die mens in Christus kom straf. Genade is nie goedkoop nie en hierdie liefde het 'n duur prys. Christus is aan die kruis geoffer en Hy het die skuld betaal om die sondes van die wêreld weg te neem (Heb 9:28). Daarom staan ons as gelowige ouers nie in vrees en bewing voor God nie, maar met 'n oorweldigende gevoel van dankbaarheid.

Die doop bevestig op ‘n sigbare, tasbare en voelbare manier hierdie blye boodskap van verlossing aan jou en jou kind (Hand 2:38). In die doop word verseker dat ons deur die bloed van Jesus Christus ons van al ons sondes gereinig is (Heb 9:13-14). As doopouer maak jy in die geloof weer die betekenis van die verlossing in Christus vir jou en jou kind jou eie. Die doop vertel en bevestig aan ons dat die verhouding (verbond) in Christus herstel is en dat die gedoopte in Christus sy kind is (Rom 6:4).

Gedoopte mense is nie God se kinders omdat hulle so goed is nie, maar omdat sy ***genade*** vir hulle so groot is. Op die eerste bladsye van die Bybel lees ons dat God die mens goed gemaak het. Hy het die mens as sy beeld en verteenwoordiger geskep, maar die mens het die rug op God gedraai (Gen 1-3). Ten spyte van die ongehoorsaamheid van die mens, waarmee die verhouding met Hom verbreek is, kom soek Hy die mens op: “Waar is jy?” (Gen 3:9).

Die doop en die nagmaal as ***sakramente,*** is ***sigbare*** tekens van God se ***onsigbare*** liefde en genade vir ons. Die doop is daarom die teken van God se ***genadeverbond*** wat vertel van sy ***liefde*** vir sondaars (Joh 3:16) waarmee Hy hulle kom opsoek. Meer nog, die doop as **seël,** is God se betroubare verbintenis aan die doopouer en die dopeling. Dit is 'n waarborg dat God se Woord waar is en sy beloftes betroubaar is. Die doop bevestig God se beloftes aan jou en jou kind (Heb 6:17-18), net soos die besnydenis in die Ou Testament God se beloftes aan Abraham en sy nageslag bevestig het (Gal 3:29; Kol 2:11-12).

Die doop en die nagmaal as ***heilige*** tekens en seëls, beteken dat gewone water en wyn en brood “afgesonder is vir 'n bepaalde doel”. Die water by die doop en die brood en die wyn by die nagmaal, herinner ons op 'n konkrete wyse aan wat Christus vir ons gedoen het (Matt 26:26-30 en Matt 28:16-20). Dit is ***eenvoudige tekens*** met 'n ***besondere betekenis.*** Net soos water ons skoon was, so is die water by die doop ‘n simbool van die afwassing van ons sondes deur die

bloed van Jesus Christus. Die doop herinner nie net aan die dood van Christus nie, maar wys ook heen na sy opstanding. Ons word deur die Heilige Gees herskep (wedergebore) om as nuwe mense vir Christus te leef (Rom 6:4-8, Joh 3:5 en Tit 3:5).

Hoewel die doop en die nagmaal dieselfde ***boodskap*** het, het elkeen 'n eie funksie in ons geloofslewe. Daarom het ons twee sakramente. Die doop as 'n ***inlywingseremonie,*** is ‘n ***eenmalige*** handeling. Die gedoopte word een maal amptelik deel van die kerk as die liggaam van Jesus Christus (1 Kor 12:12-13). Die doop is in sy wese net so onherhaalbaar soos die besnydenis. Die nagmaal herinner ons voortdurend aan wat Christus vir ons gedoen het. As 'n ***voedingsmaal*** word dit herhaaldelik gebruik om ons geloof te voed en te versterk. Die nagmaal nooi jou gereeld weer uit om God se beloftes in die geloof jou eie te maak.

God se ***gawe*** van verlossing, soos bevestig by die doop, is ook ‘n ***opgawe***. Die ***aanbod*** van genade, bevat ook 'n ***opdrag*** om uit dankbaarheid vir die Here te lewe. Daarom beloof ons om uit dankbaarheid vir ons kinders die regte voorbeeld te stel en hulle groot te maak soos wat die Here van ons verwag.

Wat sê die doop vir jou oor hoe God oor mense voel?

.....

2. Die gelowige ouer

God skenk nie sy genade omdat mense glo nie, maar mense glo omdat God sy genade verniet uitgee. Gelowige ouers is mense wat juis op grond van God se genade tot geloof in Hom gekom het en uit dankbaarheid vir Hom lewe.

Hoewel die egtheid van die doop nie in die eerste plek van die geloof van die ouers afhanklik is nie, is God se beloftes bedoel vir gelowiges en hulle kinders (Hand 2:39). Daarom moet elke doopouer hom-/haarself eerlik afvra of hy/sy Jesus Christus ken as sy/haar persoonlike Verlosser én of jou lewe en optrede daarvan getuig. Dra jy die vrug van die Gees (Gal 5:22, 23) in jou lewe? Die doop van ‘n kindjie is weereens vir die gelowige ouer ‘n bevestiging van sy/haar lewende geloof in God drie-enig. Maar dit is ook ‘n persoonlike getuienis dat jou sonde vergewe is en jy skoon gemaak is deur die bloed van Jesus Christus. Die doop van ‘n kindjie is daarom ‘n ***belydenis*** van die ouer(s) van sy/haar geloof voor die hele gemeente. Dit is deur hierdie

lewende geloof waarvan 1 Kor 7:14 sê dat jou kind vir God aanneemlik is.

As hierdie belydenis nie deel van jou lewe is nie én jy nie leef uit hierdie oortuiging nie, durf jy nie deel hê aan die doop van jou kind nie. Die beloftes van die doop is bedoel vir kinders van ouers wat ***opreg glo.***

Hoe is jou verhouding met die Here op die oomblik?

☐ Baie goed ☐ Goed ☐ Swak ☐ Bevredigend

Watter dinge maak dit vir jou tans moeilik om te groei in jou verhouding met die Here?

.....

.....

.....

Jou attestaat (lidmaatskapbewys) wat by die gemeente ingehandig is, is 'n bewys daarvan dat jy belydenis van geloof afgelê het en dat jy 'n lidmaat van die gemeente is. Deur die doop word jou kind ook amptelik deel van die gemeente as 'n dooplidmaat. Jou kind staan in dieselfde verbond met God as jy as ouer. Soos die lammers van ‘n boer dieselfde merkteken ontvang as die ooie, só ontvang kinders van gelowige ouers ook die eiensdomsmerk (teken van die doop) soos hulle ouers. Daarom is ‘n die hele gesin in die Nuwe Testament gedoop as hulle ouer(s) tot geloof gekom het (Hand 16:14-15; 30-31).

Soms wonder mense of hulle ouers “regtig gelowiges” was toe hulle gedoop is. Indien hulle nie “regtig gelowiges” was nie, so redeneer hulle, sou dit beteken dat hulle dan nie “regtig gedoop is nie”. Dit is natuurlik baie jammer as ouers, soos die formulier sê “uit gewoonte of bygelowigheid”, hulle kinders laat doop het en nie regtig in toewyding aan die Here geleef het en hulle verantwoordelikhede nagekom het nie. Daarvoor sal hulleself verantwoording moet doen. God se genade is altyd groter as die mens se swakhede. Ten spyte van jou ouers se gebreke en swakhede, het God sy beloftes op hierdie manier aan jou kom bevestig by jou doop.

3. Die kind van gelowige ouers

Kinders van gelowiges ouers het reeds deel aan die genade van God in Jesus Christus. God kom bevestig by die doop hierdie genade aan jou kind. Daarom doop ons babas as kinders van gelowige ouers wat lidmate van die gemeente is. Die doop is 'n teken en seël daarvan dat jou kind 'n besondere ***status*** in die oë van God het. Hy/sy is nie 'n heiden nie. Hy/sy is 'n verbondskind vir wie se sondes Christus gesterf het. Die doop verseker die gelowige ouer dat sy/haar kind in die sorg van God is en deel het aan God se genade. Op grond van God se beloftes, soos bevestig by die doop, kan gelowige ouers weet dat as hulle kind te sterwe kom voordat die kind self bewustelik ‘n geloofskeuse vir Christus gemaak het, hy/sy veilig in God se hande is.

Die doop kom beklemtoon dat dit die verantwoordelikheid van die ouer is om deur jou Christelike opvoeding jou kind te laat ***ontdek*** wie hy/sy reeds is op grond van sy/haar doop in Christus. As ouer begelei jy jou kind en nooi hom/haar uit om die betekenis van die doop in die geloof te aanvaar. Dit is die heerlike voorreg van ‘n gelowige ouer om self sy/haar kind te begelei om Christus as sy/haar persoonlike Verlosser aan te neem! Die ***bekering*** van ‘n verbondskind beteken dus dat hy/sy in die geloof aanvaar wat hy/sy reeds is, naamlik 'n kind van God op grond van sy genadeverbond.

Mense wat nie in ‘n verbondshuis groot geword het nie en/of nie gedoop is toe hulle babas was nie, word groot gedoop ***nadat*** hulle hul geloof in Christus bely. Deur hulle bekering kom hulle in 'n liefdesverhouding met God te staan ('n genadeverbond) en word hulle deur die doop ingelyf in die kerk as liggaam van Christus. Dit stem ooreen met die wyse van doop in die ontstaanstyd van die kerk, waarvan veral die Evangelies en Handelinge vertel (sendingsituasie).

4. Die gemeenskap van die gelowiges

Die doop word in die erediens as die hart van gemeente se lewe bedien, omdat dit nie net ‘n privaat- of familiesaak nie. Deur die bediening van die doop word die ouers én die gemeente versterk in hulle geloof deur die sigbare bevestiging van God se beloftes. So seker as wat iemand die waterdruppels sien, só seker weet elkeen wat aan Christus behoort dat sy/haar sondes vergewe is omdat Jesus Christus ons skuld aan die kruis betaal het.

Elke gelowige wat ‘n getuie van die bediening van die doop is, aanvaar as medegelowige verantwoordelikheid vir die Christelike opvoeding van die kindjie. Deur hulle gebede en voorbeeld ondersteun en inspireer die

gemeentelede mekaar om vir Christus te lewe. Die kerk bied deur sy bediening aan ouers die geleentheid om saam met hulle kinders die Here te dien en onderrig te word in die geloofswaarhede.

Hoe kan familielede mekaar help in die nakoming van ons doopbelofte?

.....

Watter rol kan die kerk speel in die geloofsvorming van jou kind?

.....

.....

Samevattend

Die doop is die heerlike geleentheid waar die drie-enige God in liefde kom hande vat met ons as mense, as ouers, kinders, familie en gemeentelede. Hy kom nooi ons uit om weer in die geloof ons swak hand in sy sterk hand te plaas en meer te word wat ons in Christus is.

Algemene vrae rondom die doop

Hoe sou jy in die lig van die bespreking, op die volgende vrae reageer:

- *Is dit vir jou reg om kindertjies van gelowige ouers te doop, terwyl sommige kerke sê dat 'n mens iemand net mag doop as hy/sy groot is?*
- *Moet 'n mens oorgedoop word as jy van oordeel is dat jou ouers ongelowiges was toe jy gedoop is?*
- *Moet kinders wat klein gedoop is, nog tot bekering kom?*
- *Kan 'n gedoopte mens verlore gaan?*
- *Wat gebeur met gelowige ouers se babatjie wat te sterwe kom?*
- *Wat is die verband tussen die sakramente van die doop en die nagmaal?*

Enige onduidelikhede of vrae wat jy nog graag sou wou vra oor die doop:

.....

.....

BEREI JOUSELF BIDDEND VOOR OP DIE VOLGENDE VRAE WAAROP JY MOET ANTWOORD TYDENS DIE BEDIENING VAN DIE DOOP AAN JOU KIND

<u>Ten eerste</u>: Bely jy dat hoewel ons kinders as sondaars in die wêreld gekom het en daarom onder die oordeel van God staan, hulle nogtans aan Christus behoort en daarom as lidmate van sy gemeente gedoop moet word?

<u>Ten tweede</u>: Bely jy dat die leer van die Ou en die Nuwe Testament wat ook in die artikels van die Christelike geloof vervat is en in die kerk hier geleer word, die ware en die volkome leer van die verlossing is?

<u>Ten derde</u>: Beloof jy om hierdie kind van wie jy die vader en moeder (voog) is, in dié leer na die beste van jou vermoë te onderrig en te laat onderrig?

Kan jy as ouer opreg en eerlik voor God en die gemeente "ja" op hierdie vrae antwoord?

II. DIE CHRISTELIKE GELOOFSVORMING

Gee leiding aan 'n jongmens (kind)
oor hoe hy moet leef,
en hy sal ook as hy al oud is
nie daarvan afwyk nie.
Spreuke 22:6

Ons vergeet dikwels dat ons kinders nie ten diepste aan ons behoort nie. God leen hulle vir ‘n sekere tyd vir ons om hulle groot te maak om Hom te lief te hê en te dien. Ons kinders is nie ons eiendom nie, maar ons verantwoordelikheid

Wie is ek?

Die spreekwoord sê: Die appel val nie ver van die boom af nie. Hoewel ons elkeen ons eie unieke persoonlikheid het, word ons eintlik gevorm deur die opvoeding wat ons ontvang het. Die enigste toerusting wat jy vir hierdie opvoedingstaak ontvang het, is eintlik maar die agtergrond waaruit jy kom. Dit wie jy is, word bepaal deur:

- Die samestelling van julle gesin en jou posisie in die gesin.
- Die geluk, al dan nie, wat jy in die gesin as kind ervaar het.
- Die omgewing waar jy grootgeword en skool gegaan het.
- Die sosiale status en ekonomiese vermoëns van jou gesin.
- Jou ervaring van jou gesinslewe op grond van jou eie persoonlikheid.
- Die geestelike meelewing en kerklike betrokkenheid van julle as gesin.
- Bepaalde belangrike gebeurtenisse in die lewe van julle gesin.

Wat was die mees uitsonderlike kenmerk(e) van julle gesinslewe of kinderjare?

.....

Wat was die mees traumatiese ervaring wat jy as kind gehad het?

.....

.....

Waarvoor mik jy?

As ouer weet jy dat jou kind *vorming en begeleiding* nodig het. En deur die doop van jou kind getuig jy dat jy daarvoor *verantwoordelikheid aanvaar* – nou en vir die toekoms. Jy gaan dit in die eerste plek nie net doen deur jou dade nie, maar deur *wat jy is*. Jou eie karakter en verhouding met die Here is belangriker as die tegnieke – hoewel dit ook van groot hulp kan wees! Jy moet 'n *nuwe visie* vir jou kind hê. Hy/sy is uniek en leef in nuwe tye.

Watter doelwitte stel jy vir jouself in die opvoeding van jou kind (wat wil jy graag met jou opvoeding bereik)?

1. .....
2. .....
3. .....

Respekteer die uniekheid van elke kind en help hom/haar om deur jou opvoeding en ondersteuning ‘n ***positiewe selfbeeld*** te ontwikkel. ‘n Gebalanseerde mens is ‘n gelukkige mens met gesonde verhoudings met ander mense.

Wat moet ek wees?

Die belangrikste in die opvoeding van jou kind is nie wat jy vir hom/haar gaan **doen** nie, maar wie jy as mens **is**. Jy kan alleen dit vir jou kind gee wat jy self besit. As ***medewerker*** van God moet jy jou kind opvoed deur die regte ***voorbeeld*** te stel. Deur jou voorbeeld lei jy jou kind na Christus en dra jy die regte waardes oor en oefen dit in.
Daarom moet jy:

- Self oortuig wees dat jy ‘n kind van God is wat uit sy genade leef.
- Self bereid wees om onder leiding van die Heilige Gees die Bybel as die Woord van God ernstig op te neem en jou lewe daarvolgens in te rig.
- Self op die Heilige Gees vertrou om in die lewe van jou kind te werk en jou toe te rus vir jou taak as ouer.

‘n Mens kan jou kind net op drie maniere leer:
Eerstens deur jou voorbeeld.
Tweedens deur jou voorbeeld.
Derdens deur jou voorbeeld.
Albert Schweitzer

Wat kan jy doen vir die geestelike vorming van jou kind?

- **Bid** gereeld vir jou kind en leer jou kind om self te bid.
- Laat die kind die liefde van God in jou hantering van hom/haar ervaar. Oefen die **Bybelse waardes** van liefde, respek, gehoorsaamheid, pligsgetrouheid, diensbaarheid by jou kind in. **Leef** die **vrug van die Gees.** (Galasiërs 5 : 22, 23)
- Lees vir jou kind uit die **Bybel.** Kleiner kindertjies luister graag na verhale. Lees vir hulle stories en help hulle om die betekenis en lewenswaarhede daarin raak te sien. Kinders is nooit te klein om van God te hoor nie.
- Sing **geestelike liedere** saam en luister saam na **geestelike musiek**.
- Oefen die **regte gewoontes** by jou kind in deur:
  As gesin saam (huis-) godsdiens te hou.
  As gesin saam eredienste by te woon en hom/haar met entoesiasme bloot te stel aan die verskillende kerklike aktiwiteite.
- Maak tyd om met jou kind te **gesels**.
  Praat met jou kind oor die liefde van Jesus vir hom/haar.
  Beantwoord sy/haar geloofsvrae eerlik en opreg.
  Begelei hom/haar in sy/haar keuse vir Christus.
- Die **doop** is 'n goeie aanknopingspunt vir sulke gesprekke. Gesels elke jaar met jou kind se doopviering oor die betekenis die doop en steek die doopkers aan.

As ek nie 'n goeie rede kan gee vir my
ouerskapstyl en –metodes nie,
gaan ek nie teen manipulerende kleuters,
knaende familielede en vriende of die
populêre tydskrifte se kitskwakkery kan
staande bly nie. Dan word ek 'n
verkleurmannetjie-ouer wat met my kinders
eksperimenteer.
Hettie Brittz

III. OUERSKAP EN OPVOEDING

Soos kinders leef, so leer hulle

As 'n kind leef met kritiek – leer hy/sy om te veroordeel.
As 'n kind leef met vyandigheid – leer hy/sy om te baklei.
As 'n kind leef met aanmoediging – leer hy/sy selfvertroue aan.
As 'n kind leef met aanvaarding – leer hy/sy om hom-/haarself te wees.
Dorothy Nolte

Jy kan 'n *suksesvolle ouer* wees, al is jy nie 'n perfekte ouer nie. Onthou jou kind is vir jou spesiaal en jy is daar om hom/haar te begelei. Hy/sy is nie 'n klein grootmensie nie en hoef ook nie 'n modelkind te wees nie. Maar hy/sy kan 'n *gelukkige kind* wees.

Gereedheid vir ouerskap begin by 'n basiese volwassenheid van die ouers wat beteken dat hulle bereid is om nie meer net vir hulleself te leef nie, maar vir hulle nalatenskap. Hulle belê in iemand wat hulle heel waarskynlik gaan oorleef!

Opvoeding is méér as om die boompie te buig as dit nog jonk is (dissipline). Dit is óók om die boompie te versorg. Jy moet jou kind ondersteun en begelei op die pad na volwassenheid. Jy is 'n reisgenoot saam met hom/haar. Maar, soos wat elke boomsoort uniek is en sy eie versorging vra, is jou kind uniek. Hy/sy het 'n eie persoonlikheid en temperament. Dit maak die uitdaging soveel groter om deur jou opvoeding jou kind se karakter te bou en sy/haar volle potensiaal te laat ontwikkel.

Vyf take van die ouer in die vorming van jou kind se karakter

1e – Sosiale ontwikkeling (*Waar pas ek in?*)
Jou kind moet leer om in die teenwoordigheid van en teenoor ander mense aanvaarbaar op te tree.

2e – Emosionele ontwikkeling (*Hoe voel ek oor myself?*)
'n Kind wat sy/haar emosies kan beheer, is suksesvoller as ander kinders.

3e – Intellektuele ontwikkeling (*Hoe slim is ek?*)
Jy moet jou kind se potensiaal ten beste ontwikkel deur hom/haar positief te stimuleer.

4e – Liggaamlike ontwikkeling (*Hoe aantreklik is ek?)*

Liggaamlike aantreklikheid is een van die belangrikste maatstawwe waarvolgens die waarde van 'n mens gemeet word.

5e – Geestelike ontwikkeling (*Aan wie behoort ek*?)

Dit is jou voorreg en verantwoordelikheid om jou kind te vorm in sy/haar geloofslewe. Jy moet sorg dat jou kind die regte inligting kry en dat die regte voorbeeld van 'n Christelike lewenswyse vir hom/haar gestel word.

Baie gedragsprobleme hou verband met hoe die kind hom-/haarself beleef.

- Die "onbeminde kind" – trek aandag om aanvaar te word.
- Die "waardelose kind" – kan óf rebelleer om hom-/haarself te laat geld óf kan hulpeloos en inskiklik wees om die gesagsfiguur altyd gelukkig te hou.
- Die "onbevoegde kind" – kan nie 'n fout erken nie, omdat dit die gevoel van onbekwaamheid of mislukking versterk.
- Die "bederfde kind" – forseer sy/haar wil op almal af.
- Die "oorbeskermde kind" – vrees om alleen te wees of is te bang om te waag.

'n Mens se selfbeeld bepaal jou gedrag.

Soos jy jou eie gesig sien as jy in die water kyk,
so sien jy jouself in wat jy dink. Spreuke 27:19

Die agtergrond waaruit jy kom en die opvoeding wat jy ontvang het, het jou selfbeeld gevorm en gaan 'n groot rol in die opvoeding van jou kind speel. Wees bedag op die swak plekke in jou eie mondering en bou op die sterkpunte.

Kenmerke van 'n swak selfbeeld:

- Jy trek jouself terug en takel jouself af.
- Jy probeer altyd om deur ander mense aanvaar te word.
- Jy tree meerderwaardig op om ander te beïndruk.
- Jy kritiseer altyd ander mense.

Kenmerke van 'n goeie selfbeeld:

- Jy het nie nodig om ander mense van jou vermoëns te oortuig nie.
- Jy voel op jou gemak in enige geselskap.
- Jy aanvaar ander soos hulle is en probeer nie om hulle te verander nie.

- Jy kan kritiek objektief hanteer.

Bou aan jou kind se selfbeeld.

- Skep 'n *positiewe omgewing* vir jou kind om te ontdek en te leer. Gesinsrituele soos doop- en verjaarsdagvierings, gesinsetes en die viering van feesdae gee aan die kind 'n gevoel van sekuriteit en laat hom/haar voel dat hy/sy iewers behoort.
- Laat jou kind *ervaar* dat hy/sy vir God *uniek en belangrik* is.
- *Aanvaar* jou kind *onvoorwaardelik* in liefde soos hy/sy is en gee vir hom/haar positiewe terugvoering. Voorwaardelike liefde het voorwaardelike gehoorsaamheid tot gevolg. God het jou immers onvoorwaardelik lief.
- Oefen die *waardes* van 'n nie-veroordelende lewenshouding, van openhartigheid, aanmoediging en onvoorwaardelike aanvaarding in deur tyd te maak om spontaan met jou kind te gesels, saam te speel en saam dinge te doen.
- Stel *realistiese doelwitte* wat nagestreef en bereik kan word. Gee jou kind die geleentheid om self verantwoordelikhede te aanvaar. Kinders van 2 jaar af wat te min verantwoordelikhede het, is geneig om aandag te trek. 'n Kind van 4-5 jaar kan al onderskei tussen reg en verkeerd. Hulle kan sekere pligte nakom en waarvoor jy erkenning kan gee.
- Moedig selfstandigheid en onafhanklikheid aan. Gee erkenning aan goeie gedrag, maar moenie omkoop nie. Afgesien van die positiewe ondersteuning en gelukwensing, kan daar ook sosiale belonings wees: 'n ete, uitstappie of vermaak. Materiële belonings kan die gevolg van goeie prestasies wees. As dit ‘n voorwaarde is, is dit omkoop.

Dissipline: Vorm jou kind se gedrag

Dit is jou reg én plig as ouer wat jou kind ten doop gebring het, om *grense* te stel vir jou kind en jou kind *aanspreeklik* te hou vir sy/haar gedrag (5e gebod). Ouers laat dikwels uit vrees vir kinders se reaksies toe dat hulle nie respek vir hulle het nie deur op hulle te skree, aan hulle te slaan, voorwerpe by hulle te gryp en enige ding te sê as hulle ongelukkig is.

‘n Kind wat toegelaat word om
sonder respek teenoor sy ouers op te tree,
sal vir niemand ware respek hê nie.
Billy Graham

Die proses om gedrag te vorm is baie eenvoudig: Sekere gedrag het *onaangename gevolge* en moet *vermy* word en sekere gedrag het *aangename gevolge* en kan *herhaal* word. Daarom word kinders se gedrag gevorm deurdat:

- Die ouer die kind ***dissiplineer*** deur onaangename gevolge daar te stel as sy/haar gedrag onaanvaarbaar is.
- Die ouer die kind ***leer*** dat daar aangename gevolge is as hy/sy hom/haar goed gedra.

Dissipline is nie ‘n magspel of vergelding nie. Jy moet die kind se wil vorm en stuur, maar nie sy gees breek (selfbeeld vernietig) nie. Vergelding lei tot rebellie of inskiklikheid. Permissiwiteit lei tot ongebondenheid en onregeerbaarheid.

Die 3 R’e as grondslag vir dissipline: Reëls, roetine en rituele

- Maak eenvoudige huis**reëls** wat die toets van die tyd kan deurstaan. Hoe minder, hoe beter. Hoe meer die deelname van die kinders aan die opstel van die reëls, hoe beter.
- Skep ‘n **roetine** wat nie rigied is nie, maar wat die orde in die huis bepaal. Wanneer daar roetine is, hoef ons nie elke keer te motiveer waarom ons iets moet doen nie.
- **Rituele** is die lekker gewoontes of gebruike van ‘n gesin wat hulle uniek maak en aan die gesinslede ‘n gevoel van geborgenheid gee.

Reëls vir gesonde dissipline:

- Moenie 'n kind vir foute, ongelukke of mislukkings straf nie.
- Moenie die liefdesband verbreek en die kind verwerp laat voel deur oogkontak te vermy of vir lang tye kwaad bly om jou kind daardeur te straf nie.
- Moenie die kind se selfagting vernietig deur negatiewe kritiek, verkleinering, skeltaal of gevloek nie.
- Moenie jou kind verneder deur hom/haar voor ander te straf nie.
- Moenie in 'n wilstryd met jou kind betrokke raak nie. Gee een waarskuwing en tree dan ferm op.
- Vermy diktatoriale optrede. Gesels met jou kind en kom ooreen oor wat reg en aanvaarbaar is en gee vir hom/haar die geleentheid om verskille uit te praat. Huisvergaderings is 'n goeie geleentheid om saam te gesels.
- Pas dissipline konsekwent toe.
- Wees regverdig en moenie 'n onderskeid tussen kinders maak nie.

- Steun jou maat se outoriteit, al sou jy nie oor alles presies saamstem nie.

Straf hoef nie pynlik te wees nie

Daar is vier basiese maniere om dissipline toe te pas:

- Laat die *natuur sy gang gaan* – en help die kind om uit sy/haar foute te leer.
- *Ignoreer* die onaanvaarbare gedrag – veral by kinders wat aandag soek.
- Bewerkstellig die *logiese gevolge* – pas die reëls waarop ooreengekom is, konsekwent toe. Dit kan beteken dat bepaalde voorregte weerhou word of dat sekere take verrig moet word as 'n teenprestasie.
- Jy kan liggaamlike straf *vir opsetlike minagting van jou gesag* toedien. Wees baie versigtig hoe en wanneer jy dit toepas. Jy kan baie maklik meer skade aanrig as goed doen.

IV. BOU JOU HUWELIK

Ons ken die bekende uitdrukking: *Die grootste geskenk wat jy vir jou kind kan gee, is om sy/haar ma lief te hê.* Dieselfde geld natuurlik ook vir die ma! 'n Gelukkige huwelik, waar ouers mekaar liefhet en respekteer, skep vir die kind 'n veilige omgewing om gebalanseerd en gelukkig te kan ontwikkel. Enige verhouding, ook die huwelik, gaan deur verskillende fases of seisoene. Daarom moet daar steeds aan ons verhouding met ons huweliksmaats gewerk word.

Ongelukkig loop dinge skeef in baie huwelike. Gesinne is ongelukkig en dit loop selfs uit op egskeidings met baie slegte gevolge vir die kinders. Selfs die nakoming van die doopbelofte word daardeur baie gekompliseer en kan ernstig aan bande gelê word.

Die vraag wat gevra word is: ***Wat word van die liefde na die troue?*** As die romantiese liefde (verliefdheid) nie oorgaan in 'n standhoudende stroom van liefde nie, beland baie huwelike op die rotse. As die liefdestenk nie met die regte brandstof gevul word nie, stotter die enjin en gaan dit staan. Hoekom loop baie huwelike op die rotse? Gary Chapman sê dit gebeur omdat huweliksmaats nie geleer het om mekaar se primêre liefdestaal te praat nie.

Merk afsonderlik as man en vrou, in volgorde van 1-5, wat vir jou in julle verhouding meer en minder belangrik is. Moenie dat die ander een se keuses jou voorkeure beïnvloed nie.

MAN		***VROU***	
1.Ek hou daarvan dat my vrou vir my sê dat sy my liefhet en my aanmoedig		**1. Ek hou daarvan dat my man vir my sê dat hy my liefhet en my aanmoedig**	
2. Ek hou daarvan dat my vrou by my sit, met my praat en saam met my dinge doen.		**2. Ek hou daarvan dat my man by my sit, met my praat en saam met my dinge doen.**	
3. Ek hou daarvan dat my vrou vir my geskenke gee.		**3. Ek hou daarvan dat my man vir my geskenke gee.**	
4. Ek hou daarvan dat my vrou my help en sekere takies vir my verrig.		**4. Ek hou daarvan dat my man my help en sekere takies vir my verrig.**	
5. Ek hou daarvan dat my vrou fisies met my kontak maak.		**5. Ek hou daarvan dat my man fisies met my kontak maak.**	

Hoe vergelyk julle voorkeure? Jy reageer dikwels teenoor jou maat met die liefdestaal wat vir jou die belangrikste is. Die gevolg is dat jy dalk nie jou maat se liefdestaal praat nie. Daarom hoor julle mekaar later nie meer nie en dit kan selfs die einde van julle verhouding beteken. Dit is belangrik om te weet wat jou maat se voorkeure is. Jy moet weet wat sy/haar primêre liefdestaal is.

Die eerste liefdestaal: Opbouende woorde

Mark Twain het gesê: "Ek kan twee maande lank op 'n goeie kompliment leef". Komplimente en waarderende woorde is kragtige maniere om jou liefde te verklaar. Deur bemoedigende woorde inspireer jy jou maat om moed te hou en te volhard. 'n Vriendelike woord met die regte liggaamstaal sê: "Jy is vir my belangrik". Deur in liefde 'n versoek te rig, in plaas van om eise te stel, sê jy vir jou maat dat hy/sy vir jou belangrik is en dat jy vertroue in sy/haar vermoëns het.

Voltooi: "Ek wil graag vir jou sê ....."

Man:
Vrou:

Die tweede liefdestaal: Kwaliteit tyd

Kwaliteit tyd is om aan iemand onverdeelde aandag te gee. Julle kan tyd deurbring deur saam TV te kyk, maar dit is nie kwaliteit tyd nie. Kwaliteit tyd is om mekaar in die oë te kyk, saam te gesels, saam te beplan en saam dinge te doen.

In watter mate is jy tevrede met die manier waarop julle gesels, saam beplan en saam dinge doen?

Vrou:	☐ **1**	☐ **2**	☐ **3**	☐ **4**	☐ **5**
Man:	☐ **1**	☐ **2**	☐ **3**	☐ **4**	☐ **5**

Die derde liefdestaal: Geskenke

Geskenke is visuele simbole van liefde wat sê dat ek jou raaksien en dat jy vir my belangrik is. Vir sommige mense is die dra van 'n trouring belangrik, ander dra dit nooit weer na die troudag nie. Geskenke kom in alle groottes, vorms en kleure. Dit kan gekoop, gevind of gemaak wees. Vir iemand wie se primêre liefdestaal geskenke is, maak die prys van die geskenk nie soveel saak nie. Daar is ook die onsigbare geskenk

wat soms harder spreek as die geskenk wat jy in jou hand vashou. Dit is die geskenk van jouself en jou teenwoordigheid.

Skryf in hoogstens vyf woorde hoe jy voel oor geskenke

Man:
Vrou:

Die vierde liefdestaal: Diensbaarheid

Diensbaarheid is dié dinge wat jy vir jou maat doen om hy/sy las ligter te maak. Jy doen dit uit liefde. Dit is dalk juis dié dinge waarvan jy self nie hou nie. Dit is dinge soos om te help met die skottelgoed, stofsuig, tuinwerk, garage reg pak, reparasies aan die huis. Jy is bereid om saam na 'n sportwedstryd te gaan of saam te gaan bergklim, al is dit nie jou natuurlike belangstelling nie. Omdat hierdie dinge vir jou maat belangrik is, kies jy om dit uit liefde en met entoesiasme te doen.

Watter een taak sou jy graag wou hê dat jou maat jou meer as tans mee moet help?

Vrou:
Man:

Die vyfde liefdestaal: Fisiese aanraking

Lyftaal en fisiese kommunikasie kan 'n verhouding maak of breek. Fisiese aanraking is 'n baie belangrike manier om emosioneel te kommunikeer. Babas word vasgehou en verliefdes liefkoos mekaar. Die mens se sintuie is ingestel op fisiese kommunikasie. Daarom is die seksuele 'n belangrike deel van die uitdrukking van die liefde vir mekaar in die huwelik. Vir iemand wie se primêre lyftaal fisiese aanraking is, kan fisiese aanranding so absoluut vernederend wees dat dit die onmiddellike einde van die verhouding kan beteken. Sommige mense hou nie van fisiese aanraking nie of het die liefdestaal nooit as kinders aangeleer nie, omdat hulle dit nie in hulle huis gesien en ervaar het nie. Dit beteken nie dat ons nie daaraan aandag hoef te gee nie. Ook hierdie liefdestaal kan aangeleer word!

Hoe voel jy oor fisiese aanraking as liefdestaal?

Vrou:	☐ **Nie so belangrik nie**	☐ **Neutraal**	☐ **Baie belangrik**
Man:	☐ **Nie so belangrik nie**	☐ **Neutraal**	☐ **Baie belangrik**

Leer om al vyf liefdestale te praat

Al vyf liefdestale is belangrik. Die primêre liefdestaal vir die een, is dalk die sekondêre liefdestaal vir die ander. Dit is belangrik vir huweliksmaats om te weet wat die ander een se primêre liefdestaal is. Deur jou maat se liefdestaal te praat, is die beste manier om die liefdestenk van julle huwelik vol te hou. Die volle rykdom van die liefde word egter ervaar as jy geleer het om al vyf die liefdestale te praat.

Deel met mekaar eerlik die antwoorde wat julle gegee het en wat uit die gesprek vir jou duidelik geword het. Is daar miskien iets wat julle albei voel meer aandag in julle huwelik moet kry?

Aantekeninge

.....

.....

.....

.....

Dankie vir jou deelname aan die gesprek. Die gemeente wil jou graag ondersteun in die opvoeding van jou kind. Maak gerus daarvan gebruik en skakel by die volgende aksies in:

- **Kinderbediening**
- **Jeugaktiwiteite en programme**
- **Kursusse oor huweliksverryking, ouerbegeleiding, ensovoorts.**
- **Groeigroepe**
- **Bedieninge**
- **Pastorale versorging en spreekkamer**
- **Hulp met verwysing vir gespesialiseerde hulp**

Bronne:

Hettie Brittz *Kweek kinders met karakter*. Carpe Diem. 2007
Hettie Brittz *Kweek gesonde gesag*. Carpe Diem Media. 2008
Gary Chapman: *Vyf tale van die liefde*. CUM. 2003
Gary Chapman : *The Four Seasons of Marriage*. Tyndale House Publishers. 2005.
Arnold Moll: *Ouerskap is nie kinderspeletjies nie*. Femina. 1984
Die Bybel : Nuwe Vertaling. 1983 Bybelgenootskap van Suid-Afrika: Kaapstad, South Africa

Notas: